NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020
VOORHEEN MEI/JUNIE

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2020

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 INTERNETARTIKELS

**Lees die volgende internetartikels noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

### TEKS A

**Wonderkind-haarstilis is net ses jaar oud**

1 Vir die meeste mense is hulle hare baie belangrik. Dit is ook belangrik om die regte haarkapper te kry. Mense soek op die internet of vra vriende, en die dapperes stap sommer net by 'n haarsalon in.

2 'n Sesjarige seuntjie van die suidweste van China is een van hierdie "regte" haarkappers wat so gewild by mense is. Hy het al duisende klante beïndruk met sy talent vir haarstilering. Jiang Hongqi het in 'n haarsalon in Suining, Sichuan grootgeword en leer al die afgelope twee jaar by sy ouers hoe om sy vaardighede te verbeter.

3 Video's van die wonderkind wys hoe hy 'n vroulike klant se punte sny voor hy haar hare professioneel droogblaas. In 'n ander video sny hy 'n manlike klant se hare met 'n elektriese knipper. Jiang se ouers het 'n video op die "app" Kuaishou gedeel en hy het kort daarna met meer as 1,5 miljoen volgelinge gespog.

4 Sy ouers het al ses jaar lank die besigheid en Jiang was maar vier jaar oud toe hy hulle in die salon begin help het. Aan die begin het sy volwasse kollegas hom gehelp, maar nou kan hy sy klante op sy eie hanteer.

[Bron: <https://maroelamedia.co.za/vreemdhede/video-wonderkind-haarstilis-is-net-ses-jaar-oud/>]

### TEKS B

**Wonderkind bevestig toewyding aan Suid-Afrika**

1 Suid-Afrika se jongste dokter, wat as 20-jarige gekwalifiseer het, het sy toewyding *(commitment)* om sy land te dien, bevestig, het Rapport Sondag berig.

2 "Ek sal definitief nie my land verlaat nie," het Sabile Kubheka aan die koerant gesê. "Ek is lief vir Suid-Afrika. Dit is altyd belangrik om terug te gee aan jou land en jou mense."

3 Kubheka, een van vyf kinders wat deur 'n enkelma grootgemaak is, het in April vanjaar aan die Universiteit van KwaZulu-Natal sy graad ontvang. Sy ma is 'n verkoopsbestuurder by Shoprite. Hy het vyf jaar lank studeer nadat hy as 15-jarige sy matriek geslaag het. Hy het sy MBChB-graad met onderskeidings in verloskunde en ginekologie behaal.

4 Die 21-jarige Kubheka voltooi op die oomblik sy internskap by Grey-hospitaal in Newcastle.

[Bron: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/wonderkind-bevestig-toewyding-aan-suid-afrika/>]

IEB Copyright © 2020

1.1 Hoe kry mense gewoonlik 'n geskikte haarkapper as hulle nie bereid is om sommer net by enige haarkapper in te stap nie? (1)

1.2 Haal **twee opeenvolgende woorde** uit **paragraaf 2** aan om te wys dat die seuntjie al sy vaardigheid vir baie mense gewys het. (1)

1.3 Hoekom was dit vir Jiang Hongqi makliker as vir ander kinders om te leer hoe om hare te sny? (1)

1.4 Hoe het die wêreld van Jiang se talent gehoor? (1)

1.5 1.5.1 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling:

*Jiang het van die begin af klante se hare op sy eie gesny.* (1)

1.5.2 Haal **nege (9) opeenvolgende woorde** uit **paragraaf 4** aan om jou antwoord in Vraag 1.5.1 te bewys. (1)

1.6 Hoekom sal Sabile Kubheka in teks B nie sommer na 'n ander land trek nie? (1)

1.7 Haal een woord uit teks B (paragraaf 3) aan om te wys dat Sabile se ma haar kinders alleen grootgemaak het. (1)

1.8 Hoe oud is Sabile nou? Skryf jou antwoord in woorde uit. (1)

1.9 Noem een ooreenkoms tussen die tipe kinders wat in teks A en teks B beskryf word. (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 2 RESENSIE

**Lees die volgende resensie deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**




**Titel: DROMERS**

**Skrywer: Fanie Viljoen**

**Uitgewer: LAPA uitgewers**

1 Wanneer mens na die kleurryke voorblad kyk, is dit duidelik dat hierdie verhaal oor tieners met groot drome en baie passie gaan. Byron Carelse is 'n talentvolle danser – en dans is "sy energie, sy passie, sy geluk ... sy vonk". Maar hoe kan 'n jong man sy droom bereik in 'n afgeleefde huis in die townships met 'n ma wat gedurig besope is? Fanie Viljoen kry dit weereens reg om moeilike temas soos armoede, swendelary (*scams*) en alkoholisme op 'n vars wyse aan die leser oor te dra.

2 Zinelda McDonald se artistieke bydrae, in die vorm van kleurvolle illustrasies op die voorblad en in die boek self, verlig die swaar temas met 'n speelse, optimistiese atmosfeer en hou die leser se oë vasgenael op die bladsye. Hierdie jeugroman is ook in eenvoudige, verstaanbare taal geskryf – perfek vir onwillige lesers en lesers vir wie Afrikaans 'n tweede of derde taal is.

3 Die gebeure volg chronologies opmekaar. Byron het 'n droom om te dans en, saam met sy vriendin en 'n groep talentvolle tieners, word hulle vasgevang in Claude se sjarme en beloftes van roem. Hy mislei egter die tieners. Ongelukkig is dit nie so maklik om dít te kry wat jy graag wil hê nie – en Byron vind dit maar te vinnig uit. Tussen hom en sy droom lê daar moeilike keuses wat hy moet maak asook harde werk wat hy sal moet insit.

4 Hierdie tienerfiksie is geskik vir lesers bo die ouderdom van elf jaar.

5 Dromers word deur LAPA Uitgewers uitgegee.

[<https://www.storiewerf.co.za/resenseer/dromers.htm>]

2.1 **Haal een woord** uit paragraaf 1 aan om te wys dat die boek se voorblad tieners se aandag sal trek. (1)

2.2 Noem **twee** van die probleme wat Byron Carelse in die boek moet oorkom. (2)

2.3 Hoe word Fanie Viljoen as 'n skrywer in die resensie beskryf? (1)

2.4 Wie is Zinelda McDonald volgens die resensie? (1)

2.5 Wat is Claude se rol in die boek? (paragraaf 3) (1)

2.6 **Haal drie opeenvolgende woorde uit paragraaf 2 aan** om te wys dat die taal wat in die boek gebruik word, maklik is om te verstaan. (1)

2.7 Hoekom sal dit die leser help dat die gebeure chronologies opmekaar volg? (1)

2.8 Wat doen Byron op die voorblad van die boek? (1)

2.9 Wie is die teikengroep van hierdie boek? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2020

**VRAAG 3 SPOTPRENT**

**Bestudeer die spotprent en beantwoord dan die vrae wat volg.**




[Bron: <https://netwerk24.com/Stemme/Spotprente/beeld-spotprent-18-januarie-2018-20180117>]

3.1 Hoe kan ons sien dat die pa in die strokiesprent huil? Gee een visuele leidraad. (1)

3.2 Wat doen die ma om die pa beter te laat voel? (1)

3.3 Gee een rede waarom die pa moontlik huil. (1)

3.4 Wat het die seun op sy rug? Skryf slegs **een woord** as antwoord neer. (1)

3.5 Hoe weet ons dat die onderwyser na die seun luister? (1)

3.6 Gee **een visuele leidraad** wat wys dat die seun van sy pa praat. (1)

3.7 Waar is die mense? (1)

3.8 Watter tyd van die jaar het hierdie strokiesprent in die koerant verskyn? (1)

3.9 Hoe verskil die seun en pa se gedrag van dit wat ons op die eerste dag van skool in 'n graad 1-klas verwag? (2)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 VYF REDES WAAROM KINDERS SKAAK MOET SPEEL

- Bestudeer die onderstaande teks.
- Som **die redes** op waarom kinders skaak moet speel en sê ook watter **voordeel** dit vir die kinders kan inhou.
- Nommer jou punte van 1 tot 5 en skryf vyf volsinne van ongeveer 70 woorde in totaal neer.



**ONTHOU:**

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie sinsdele direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

**Vyf redes waarom jou kinders skaak moet speel!**

Volgens kenners is skaak die ideale spel om spesifieke vaardighede te ontwikkel. Kom ons kyk waarom:

Wetenskaplikes het al bewys dat skaak 'n kind se analitiese vaardighede ontwikkel. Analitiese vaardighede is ons vermoë om probleme te verstaan en op te los deur die inligting te gebruik wat ons reeds het. Die Universiteit van Memphis het bevind dat skaak 'n kind help om logies te dink en probleme op te los. Dit is beslis 'n goeie vaardigheid om in vandag se lewe te hê.

Kinders moet meer as net verbale vaardighede aanleer wanneer daar na sosiale vaardighede gekyk word. Kinders wat goeie sosiale vaardighede het, het positiewe sosiale interaksie met hulle maatjies. Skaak gee jou dus 'n sosiale lewe.

Vandag se kinders sukkel om lank te konsentreer en dit is hier waar skaak 'n belangrike rol speel. Skaak ontwikkel konsentrasievermoë en die goeie nuus is dat kinders vir langer tye in die klas of by die huis sal kan konsentreer. Dít sal onderwysers en ouers baie gelukkig maak.

Kinders spandeer baie ure voor die rekenaar of TV of besig met videospeletjies. Baie van hierdie videospeletjies is heeltemal nutteloos en selfs nadelig vir kinders. Skaak is 'n gesonde alternatief vir elektroniese speletjies. Waar videospeletjies jou kind se ontwikkeling negatief kan beïnvloed, dra skaak by tot die verstand se gesonde ontwikkeling.

Dit is belangrik om daarop te wys dat jou kind belangrike lewensvaardige leer deur skaak te speel. 'n Kind kan byvoorbeeld aanleer hoe om hul teenstander se lyftaal intuïtief te lees en interpreteer.

Verwerk uit[<https://skaakmat.co.za/9-redes-waarom-jou-kind-moet-skaak-speel/>]

**10 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**?**
Tanya Joubert

Jou naam draai ek uit elke appelstingel,
pak dit in spoelklippies op die strand.
Ek vinger jou naam op vuil motorvensters,
toegewasemde spieëls en oor die palm van my hand.

Ek braille dit in my passerblik,
doodle dit in my tuiswerkboek, op my tas.
Jou naam pen ek oor 'n swartbord
sodat niemand dit ooit weer af kan was.

Ek ryg dit regs aan mý naam vas
en dra dit soos kraletjies om my nek,
graffiti dit op elke straathoek
soos 'n hond wat sy been lig om te sê: "Dis mý plek!"

Want jý is ál my uithangborde,
die screensaver van my brein,
die tatoeëermerk oor my hart
en, wie weet, dalk nog die T-hemp van my pyn.

Miskien het jy mý naam al uitgevee. Uitgetippex!
Of dalk versier jy dit met smiley faces (☺☺) en 'n soentjie-x.
Ek sal verstaan as jy my nog nie kan spel nie,
nie eens met leestekens kan vertel nie.

Net jammer jóú naam, is nog net 'n
?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 "… en oor die palm van my hand" (versreël 4)

Gee twee redes waarom 'n mens iets op jou handpalm sal wil skryf. (2)

5.2 Gee twee voorbeelde uit strofe 2 waar selfstandige naamwoorde as werkwoorde gebruik word. Skryf die twee woorde neer. (2)

5.3 Skryf 'n vergelyking uit strofe 3 neer. (1)

IEB Copyright © 2020

5.4 Kies die korrekte antwoord deur slegs die alfabetletter neer te skryf.

"die screensaver van my brein", dui daarop dat:

A die persoon altyd in die meisie se gedagtes is.
B die persoon met die meisie se brein mors.
C die persoon inligting in die meisie se brein stoor. (1)

5.5 Hoekom "verstaan" die spreker as die geliefde haar naam nog nie kan spel nie? (1)

5.6 Haal die **versreël** aan wat wys dat daar 'n moontlikheid is dat die meisie kan seerkry. (1)

5.7 Wat het die hond in reël 12 en die spreker in gemeen? (1)

5.8 Die laaste strofe het net twee versreëls. Wat word so 'n strofe genoem? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Bestudeer die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Here Be Dragons**
Izak de Vries

pa se kodewoord
draf ek in 'n oogwink kaf
my muis surf dwingend
op nuwe ruimtes af

los my, pa, laat my gaan
inligting is my religie en GoogleEarth my kaart
dagga lê die strate vol
en onnies vroetel ook maar graag

ons wéét, pa
ons keyboards is wyser as jy dink
laat ons gaan, laat ons reis
na kletsvriende in Pole, na hekse in Parys

waar anders, pa, sal ons geslag
ons vlae plant?
ons kleims afsteek?

los my, pa, laat my gaan

maar hou oop jou hart
eendag gaan daar 'n virus wees
'n wurm of 'n Trojaanse perd
wat meer gaan doen as komperkraak

dan, pa, dan sal my bréin met jou wil praat

sal jy daar wees, pa? as ek moet vlug
van 'n pedofiel of sluipdief in die nag
sal jou oor dan oop wees, pa?
'n USB vir my gemoed?

of gaan jy stug 'n vuurwal gooi
en my die kuberstorm self laat veg?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

IEB Copyright © 2020

6.1 Waarna verwys die titel in die konteks van die gedig? (1)

6.2 "pa se kodewoord
draf ek in 'n oogwink kaf" (reëls 1 en 2)

Wat is die funksie van die **omgekeerde woordorde** in die eerste twee versreëls? (1)

6.3 Lees versreël 3 en sê wat die woord "**dwingend**" oor die spreker se reaksie sê. (1)

6.4 Haal 'n voorbeeld van **personifikasie** uit strofe 3 aan. (1)

6.5 Kies slegs die korrekte antwoord.

Die "ons" in strofe 3 is alle …

A onderwysers wat rekenaargeletterd is.
B kinders wat rekenaargeletterd is.
C ouers wat rekenaargeletterd is.
D kinders wat nie rekenaargeletterd is nie. (1)

6.6 "inligting is my religie en GoogleEarth my kaart" (versreël 6)

Watter **beeldspraak** kom in die versreël voor? Skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.

A Metafoor
B Vergelyking
C Personifikasie
D Klanknabootsing (1)

6.7 Wat word **beklemtoon** deur die **herhaling** in strofe 5? (1)

6.8 **In watter strofe** wys dit dat daar 'n tyd gaan kom dat die spreker sy pa gaan nodig hê? (1)

6.9 "maar hou oop jou hart" (versreël 17)

Waarom is die versreël ironies? (2)
**[10]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die ongesiene gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Rondom my**
Dawie de Jager

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer
want die haastigheid in my
het my al veels te veel keer
ondergekry
my ondergekry.

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer.
Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
dinge wat jou terughou.
Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
Kom wees net jy, kom wees net jy.
As jy wil tyd vat hierdie keer
kom vat 'n rukkie hier by my
As jy tyd wil vat
kom wees hier rondom my
kom wees hier rondom my
net as jy wil …
net as jy wil.

[Lirieke afgelaai by: <https://slideplayer.com/slide/14414030/>]

7.1 Identifiseer die tipe spreker wat ons in die gedig kry. (1)

7.2 Haal 'n voorbeeld van **assonansie** uit strofe 1 aan.

Onderstreep die klanke wat die assonansie aandui. (1)

7.3 Hoekom wil die spreker hierdie keer sy tyd met die verhouding vat? (1)

7.4 "Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer" (versreël 7 en 8)

Wat is die **funksie** van die herhaling in die versreëls? (1)

7.5 "Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë." (versreël 9)

Waarna kan die 'blou" in die spreker se oë verwys? (1)

7.6 Wat is die uitnodiging wat die spreker in strofe 2 rig? (2)

IEB Copyright © 2020

7.7 Lees versreëls 12–15. **Haal nou twee opeenvolgende woorde aan** om te wys dat die spreker al vantevore verlief was. (1)

7.8 Haal **twee opeenvolgende versreëls** uit versreëls 12–20 aan wat wys dat die spreker sy geliefde die keuse gee om te besluit of sy by hom wil bly. (1)

7.9 Wat is die funksie van die **ellips** in versreël 19? (1)
**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die strokiesprent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui.**




[Bron: <https://i.pinimg.com/originals/b6/41/59/b641592708fac5496544e60cco1435a9.jpg>]

8.1 Jeremy wil die koerant lees maar hy kan nie omblaai nie.

**Alhoewel …** (1)

8.2 Jeremy sal vinnig die koerant by die tafel lees.

**Die koerant …** (1)

8.3 Jeremy probeer hard om deur die koerant te blaai.

**Vroeër …** (1)

8.4 Sy ma het hom gehelp, daarom was hy gelukkig.

**Op die oomblik …** (1)

8.5 Ken jy iemand wat vir Jeremy kan help?

**Nee, …** (1)

8.6 Die seun hou daarvan om te lees. Ek vertel jou van die seun.

**Die seun van wie …** (1)

8.7 Jeremy vra: "Kan iemand my met die koerant help?"

**Jeremy vra of …** (1)

8.8 Jeremy het hulp met die koerant nodig.

**Volgende keer …** (1)

IEB Copyright © 2020

8.9 Jeremy is deurmekaar, want hy kan nie omblaai nie.

**Jeremy is deurmekaar, gevolglik …** (1)

8.10 Jeremy moet ongeduldig met sy ma wees.

**Jeremy hoef …** (1)

8.11 Jeremy haal die koerant uit, want hy wil dit lees.

**Gister …** (1)

8.12 Die koerant is gister deur Jeremy in die sitkamer gelees.

**Jeremy …** (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2020

**VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE**

**Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.**

**Skryf die nommer en korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou antwoordboek neer.**





[Bron: <https://business.facebook.com>]

Die kinders moet 'n gedig skryf oor 'n **9.1 (aangenaam – gee die korrekte vorm van die woord)** herinnering van skool. Dit is vir Neelsie die **9.2 (moeilik – gee die oortreffende trap)** ding om te doen, want hy hou nie van skool nie. Meester moet **9.3 (asseblief – gee die afkorting)** nie weer **9.4 (baie kwaad – gee die intensiewe vorm)** word nie, want hy sal **9.5 (ver – gee die vergrotende trap)** met Neelsie kom as hy rustig met hom praat en maak asof hy 'n **9.6 (gaaf – gee die korrekte vorm van die woord)** seun is. Meester haal altyd sy **9.7 (frustreer – gee die afgeleide naamwoord)** op Neelsie uit. Eintlik het Neelsie maar 'n baie klein **9.8 (hart – gee die verkleinwoord)** en ek is seker Meester wil nie met 'n **9.9 (huil – gee die teenwoordige deelwoord)** kind sit **9.10 (met wie / waarmee – kies die korrekte woord)** hy dan gaan moet baklei nie. Neelsie is gewoonlik trots **9.11 (... vul die korrekte voorsetsel in)** homself omdat hy Meester kan **9.12 (handel / hanteer – kies die korrekte woord)**. Neelsie moet **9.13 (elke dag – gee een woord)** in Meester se klas sit, so hy ken al **9.14 (hy / sy / my / – kies die korrekte voornaamwoord)** buie. Neelsie is baie **9.15 (opgewonde / opwindende / opgewende – kies die korrekte antwoord)** want dit is amper vakansie en dan kan hy slaap **9.16 (i.p.v. – skryf die afkorting uit)** skool toe kom.

**[8]**

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat.
- Elke respons moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf jou woordtelling neer.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.




[Bron: Google images]

Die kinders kyk saam na 'n fliek, maar reageer verskillend op wat hulle sien.

10.1 Seun A is **geskok** deur wat hy sien. Skryf sy gedagtes neer en sê ook hoekom hy geskok is. (2)

10.2 Meisie B hou baie van seun D en sy wil hom **uitnooi** om weer te gaan fliek. Skryf haar **uitnodiging** aan hom neer. (2)

10.3 Seun C dink dat dit die beste fliek is wat hy nog ooit gesien het. Skryf neer wat hy vir sy maat sê om te wys dat hy **beïndruk** met die fliek is. (2)

10.4 Seun D is baie **dankbaar** dat sy vriende saam met hom kom fliek het. Wat sê hy vir hulle om hulle te **bedank?** (2)

10.5 Meisie E wil nog springmielies hê. Hoe sal sy die springmielieverkoper **beleefd gaan vra** vir springmielies? Sy moet die verkoper ook **hoflik groet**. Skryf haar woorde neer. (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2020